*Sondag* 11 Januarie

Skrifgedeelte: Matteus 18:21-35

Fokusgedeelte: Matteus 18:35 (AFR83/AFR2020)

Vergeef ons ons oortredings soos ons ook die vergewe wat teen ons oortree

Petrus het Jesus gevra: Hoeveel keer moet ek iemand vergewe wat teenoor my gesondig het? Is sewe keer genoeg? Dan is Jesus se antwoord: *"Ek sê vir jou, nie tot sewe keer nie, maar tot sewentig maal sewe keer."*

Om dit te verduidelik, vertel Jesus dan dié gelykenis: 'n Amptenaar het sy koning tienduisend talente geskuld en gepleit vir uitstel om terug te betaal. In die tyd van die Nuwe Testament was een talent die volle jaarlikse salaris van 'n amptenaar. Hierdie amptenaar sou dus 10 000 jaar lank sy volle salaris moes gebruik om skuld te kan betaal. Dan gebeur 'n verstommende ding: die koning het hom jammer gekry, hom laat gaan en sy miljarde rande se skuld afgeskryf.

Jesus is die Koning en Hy het deur sy bittere lyding en dood aan die kruis genoeg betaal om al ons skuld voor God uit te delg.

Maar dan vertel Jesus die verhaal verder: Op sy pad huis toe gaan soek hierdie kwytgeskelde amptenaar 'n man wat hom 'n paar rand geskuld het. Hy gryp sy skuldenaar aan die keel en wurg hom .Dan val die man op sy knieë en smeek met presies dieselfde woorde waarmee die kwytgeskelde amptenaar 'n rukkie terug by die koning gepleit het. Maar hy gooi sy skuldenaar summier in die tronk. Iemand wat so optree, kan nie as die koning se begenadigde bekend staan nie.

Dan draai Jesus na sy dissipels toe en sê vir Petrus en ook vir jou en my: *"So sal my hemelse Vader ook met julle maak as julle nie elkeen sy broer van harte vergewe nie."*

Jesus sê in hierdie woorde: As jy sê daar is mense wat ek nooit sal vergewe nie, dan sê Jesus gaan jy beslis hel toe.

*Sing: Psalm 130-1:2*

*Dr. PJ (Flip) Buys (Emeritus)*